



GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

INFO 8/2025

9 Mei 2025



Van die skoolhoof



Liewe GSDP-gemeenskap

As swaarkry voor jou deur kom lê...

Rom. 5:3 En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk...

Swaarkry en teleurstellings klop een of ander tyd aan elkeen van ons se deur. Waardevolle lewenslesse en karaktervorming gebeur in tye van swaarkry en teleurstelling. Paulus was ook 'n man wat intense swaarkry ervaar het, tog het hy gesê: "Ons verheug ons in ons swaarkry..."

Swaarkry, moeites, verdriet en teleurstellings is deel van die lewe, dit tref ook kinders van die Here. Klein en groot word deur werksverlies, ernstige siekte, die dood, akademiese uitdagings, veranderinge en werksdruk geraak.

Hoe hanteer mens dit, veral as dit moeilik is om dit dag vir dag te verduur? Kan ons soos Paulus sê dat ons, ons daarin verheug?

Sommige probeer om betekenis uit die swaarkry te soek, 'n besondere rede te vind, om sodoende vas te byt. Dalk ter wille van jou kinders, of miskien om self sterker te word. Paulus sê mos: swaarkry kweek volharding.

Swaarkry word ook hanteer deur dit met medegelowiges te deel. Ons het voorbidding nodig in tye van swaarkry, maar hoe kan daar vir ons gebid word as niemand weet van die leed in jou hart nie? Die Here het ons in 'n gemeenskap geplaas waar ons bevoorreg is om ons laste met mekaar te deel. Verder word ons getroos met die woorde dat die Here alles ten goede laat meewerk, al lyk dit nie nou so vir ons nie. Tog as ons terugkyk, kan ons sien hoe ons in geloof kon volhard, sterker geword het en God se trou kon ervaar.

Daarom is die woorde van Paulus om ons te verheug in die swaarkry gepas, dit versterk ons geloof, dit bou ons verhouding met God en ons medemens, dit maak ons sterker en dit kan selfs goeie vrugte oplewer. Vrugte ter wille van jou kinders, ouers, vriende, kollegas of jouself.

Ouers, ons kinders gaan ook deur tye van swaarkry en teleurstelling. Moet nie jou kinders se swaarkry of teleurstelling soos 'n grassnyer-ouer uit die weg wil ruim nie. Liefdevolle ondersteuning, saam huil en 'n bereidwillige oor is wel baie belangrik. Maak seker dat jou kind gemaklik sal voel om met jou te praat en verseker hom van jou voorbidding. Onthou die Here is ook besig om jou kind te vorm deur die tye van swaarkry. Kinders moet leer dat swaarkry en teleurstellings baie belangrike lewenslesse is. As ouers dit voortdurend vir hul dra, gaan hul nooit leer dat slegte goed ook met gelowiges gebeur nie.

Ons verheug ons in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.

Ons bid vir elkeen wat swaarkry.

Vriendelike groete

Saskia Meijer



Bepanners

- **9/05:** HS Netbal vs Curro Roodeplaat (weg)
- **9/05:** HS ATKV redenaars (Gauteng-Noord) 1ste uitdun
- **9/05:** LS Verkopings Gr.5C
- **9/05:** LS ATKV Redenaars
- **10/05:** LS ATKV Redenaars
- **10/05:** LS Bulletjierugby te Midstream
- **10/05:** Mannesangaand
- **12/05:** HS Netbal vs Tuine (tuis)
- **12/05:** Tafeltennis vs Pretoria Chinese School (weg)
- **13/05:** Graad 7-gespreksaand
- **13/05:** HS Junior Olimpiade-eksamen
- **14/05:** HS Junior Olimpiade-eksamen
- **15/05:** HS Junior Olimpiade-eksamen
- **15/05:** LS Netbal vs Eben Swemmer (weg)
- **16/05:** LS Verkopings
- **17/05:** Dopperspele
- **17/05:** Opedag
- **17/05:** LS Bulletjierugby te LS Bergsig
- **19/05:** HS Netbal vs Akasia (tuis)
- **20/05:** HS Senior Olimpiade Inskrywings
- **20/5:** LS Netbal vs Boerefort (weg)
- **22/05:** LS Netbal vs Balmoral (tuis)
- **22/05:** Tafeltennis vs Deutsche Private Schule
- **22/05:** Afrikaans is 100-vieringe
- **24/05:** LS Mini-netbal te Eduplex

Algemeen

Jukskei

Die **skoleligaformaat** het die jaar verander. Daar is 'n skrywe uitgegee rondom die veranderinge asook meer inligting rondom die skool se jukskei.

Dit is baie belangrik om kennis te neem dat daar nie werklik oefentyd is vir die spelers om saam te speel nie. Die afrigters versoek u om asseblief die **Google-vorm** wat gedeel is, te voltooi indien u kind graag die jaar wil speel.

Alhoewel dit lekker is om jukskei te speel, is dit nodig dat spanne so vinnig moontlik saamgestel word om saam te kan begin oefen en mekaar te leer ken en kan fokus op die spanwerk.

Vir **meer inligting**, kontak asseblief vir mev. Janine Heikens - 084 644 5923 of mev. Carin Kruger (afrigter) - 079 884 4916

Conquesta 2025 Olimpiades

Gaan kyk gerus op hulle webtuiste: <https://www.conquestaolympiads.com/>

Graad 1–9 kostes:

'n Eenmalige R27 inskrywingsfooie plus R30 per vak.

Sou die leerder dus vir 4 vakke inskryf, sal hy/sy $R27 + (R30 \times 4) = R147$ betaal.

Sluitingsdatum: 23 Mei 2025

Kontak gerus vir Juf. Lara Botha of Juf. Mart-Mari Beukes vir enige verdere inligting.



CONQUESTA
Gryp die uitdaging!

A+

Aanpasbare skryfdatums

Ons voorsien alles

Geen onderwys-opleiding

Hoogste puntstelsel

Trotse lid van ASTEMI SA

Jaarlikse Akademiese Olimpiades

'Mees Betroubare Verskaffer van Opvoedkundige Hulpbronne'
2024 AFRICA EXCELLENCE AWARDS

Veelvoudige keuse vraestelle

Toets u Graad 1-9 leerders se kennis in 'n genotvolle manier.

Verskillende vakke beskikbaar in Engels en Afrikaans.
Robotika Olimpiade nou beskikbaar vir Graad 1 – 9. (slegs in Engels)

Geen inskrywings beperking – daar is geen beperking hoeveel vakke en leerders kan inskryf nie.

Beloon elke leerder met 'n sertifikaat.

Vorige Vraestelle – wonderlik vir hersiening.



GESOEK

Blits Nuusberig

EERSTE UITVINDINGS

#

ANTIEKE GOED

**AGTER ELKE
UITVINDING SIT
'N ENTREPENEUR
WAT 'N
GELEENTHEID
RAAK GESIEN HET!**



KREATIEWE DENKE EN BESIGHEIDSTUDIES

In die Besigheidstudiesklas is kreatiewe denke een van die belangrikste besigheidspraktyke waarvan ons leer. Ons poog ook om 'n nuuskierigheid by die leerder te skep vir besigheid en hulle kreatiewe denke te stimuleer. Nie net te aanvaar nie, maar dieper te delf en geleenthede raak te sien. Hulle bewus te maak van ou en huidige entrepreneurs. Hoe ander uitdagings as 'n geleentheid gebruik het om 'n verskil te maak. Wie het dit ontdek en hoekom? Ons vergelyk ou en nuwe idees en sien hoe ver alles al oor tyd verbeter het.

**ONS WIL GRAAG DIE KLAS
DAARVOLGENS INRIG, MAAR BENODIG U
HULP. ENIGE SKENKINGS VAN DIE EERSTE
KAMERA, TELEFOON OF SELFOON,
TIKMASJEN, GRAMMOFOON, ENS. WAT
DALK IN U HUIS NET RONDSTAAN, GEE
ONS WEER 'N TWEDE KANS.
U KAN DIT GERUS SAAM MET DIE
LEERDERS SKOOL TOE STUUR OF MY
KONTAK**

Die Gereformeerde Skool Dirk Postma adverteer die volgende:

VAKATURE

AFRIKAANS HOËRSKOOI

Graad 11 en 12

AANVANGSDATUM: **22 JULIE 2025**

AANSOEKVEREISTES

- Lidmaat van GKSA of VGKSA
- Getuigskrif van huidige predikant
- ID Dokument
- B.Ed - of NGOS-kwalifikasie
- SACE geregistreer
- IEB-ondervinding sal in u guns tel
- Volledige CV in Afrikaans
- Afskrif van sertifikate

GSDP behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.



+27(0) 12 332 3222



www.gsdp.co.za

Stuur u aansoek na skoolhoof@gsdp.org.za
Sluitingsdatum: 26 Mei 2025

Aanvaar asseblief dat u aansoek onsuksesvol was indien u nie gekontak word nie.

GSDP bied aan

OPEDAG 2025

Kom loer gerus in en ontdek wat ons kleuterskool, laerskool én hoërskool alles bied!



17 Mei
2025
SATERDAG

Saam met die Dopperspele


Twee deurstapessies om
9:00-10:00 en **13:00-14:00**

HOLLANDIA

VOLLEYBALL DAY

SAVE THE DATE!

**JUNE
16**



**MORE INFORMATION
TO FOLLOW!**

DIE WINTER IS HIER!



GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

ONS DIRKIES WIL MAATS HELP
WAT MINDER BEVOORREG IS.
ONS WIL GRAAG ROCK OF HOPE
BYSTAAN IN HUL BEHOEFTE AS

VOLG: Toeknip langmou vessies:

0-3 maande

3-6 maande

6-12 maande

12-18 maande

18-24 maande

2-3 jaar



Bring asseblief jou bydrae voor/op 23 Mei vir juffrou Saskia



Wouter and Mientjie Prozesky answered God's call to look after broken and abandoned babies, ranging in ages from new-born to two years old. With God as our Rock we started Rock of Hope in April 2011. Rock of Hope is situated in the suburb of Magalieskruin. Both of us always knew we had a passion for children and could not understand why we did not fall pregnant naturally.

God knew better and blessed us now with more little ones than we could have envisaged. To take in a little baby that has never known what it means to be loved and giving such love to see the transformation to a normal child is very satisfying. Watching them getting accepted in a new permanent family completed the circle, although to say goodbye is always a bitter sweet moment.

We will continue doing what we are doing as long as God expect us to. Making a difference in a small baby's life and giving them hope is what we were called to do and the blessings we receive can only be straight from Above.

To do what we do, we need the support of our communities and businesses as funding is always the one factor that limits a dream. This is your opportunity to get involved and help making a difference in the lives of these precious little ones. We can issue 18A tax certificates to give you a tax advantage should it be required.

BANKING DETAILS:


Name:	Rock of Hope NPC
Bank:	FNB
Branch:	252045
Bank Acc Num:	62848067452
Reference:	ROH and your Name

ADDRESS:
258 Willow Road, Magalieskruin, 0182, Pretoria
079 423 4799 • wouter@rockofhope.co.za



WE LOOK AFTER ABANDONED, ABUSED, NEGLECTED AND SICK BABIES AND TODDLERS.

Kleuterskool



TEN BATE VAN DIRKIELAND KLEUTERSKOOL

WITOLIFANT -VERKOPING

SATERDAG 31 MEI 2025

*Maak solank jou kaste skoon, skenk vir ons alles wat jy
nie meer wil hê nie.*

Laerskool

Tydskrifte

Stuur gerus julle ou tydskrifte na die laerskoolkantoor.

ATKV-redenaars

Die **ATKV-redenaars** vind Vrydag en Saterdag by H/S Menlopark plaas. Ons wens die volgende deelnemers baie sterkte toe. **Lekker praat!** Magdelie Diedericks, Gary van Dyk, Tharien van Straten, Ruben Saaiman, Lorien Smith en Eduan Smith

Netbal

Dinsdag, **7 Mei** was daar weer heerlike vriendskaplike wedstryde gespeel. Die **mini-netbalmeisies** het mekaar die stryd aangesê en die klompie begin nou pragtige netbal speel. Sien uit om hul in die toekoms dop te hou.

Die **0/10 - 0/13 spanne** het teen **Riviera Primary** se B-spanne gespeel. Baie dankie aan elke dogter wat gespeel het en die mooi gesindheid waarin die wedstryde plaasgevind het.

Dankie ook aan elke ondersteuner!


Wees sterk en vol moed

GRAAD 7 GESPREKSAAND

Die tiener in my huis

Dr. Louisa Stoker:
Opvoedkundige Sielkunde

13 Mei om 18:00 in juf. Mart-Mari se klas.
Parkering by kerkgebou.

TOETSROOSTER

Kwartaal 2 (2025)

DAG	GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6	GRAAD 7
Wo. 28 Mei	Wiskunde	Wiskunde	Wiskunde	Wiskunde
Di. 3 Junie	Afrikaans	Afrikaans	Afrikaans	Afrikaans
Do. 5 Junie	SW	SW	SW	SW
Vr. 6 Junie				Tegnologie
Di. 10 Junie	Nat & Tegn.	Nat & Tegn.	Nat & Tegn.	NW
Do. 12 Junie	Engels	Engels	Engels	Engels
Vr. 13 Junie				EBW
Di. 17 Junie	LO	LO	LO	LO
Wo. 18 Junie				Afrikaans 2

Bybelonderrig en Kerkgeskiedenis vorm nie in hierdie kwartaal deel van die toetsreeks nie, maar wel deel van die deurlopende assessering en klastoetse.





CONTACT:

@sportfreaks88

Hockey Freaks

064 282 5239

info.sportfreaks@gmail.com

SPORTFREAKS

FOR THE LOVE OF THE GAME SINCE 1988

2025 JULIE

HOKKIE KLINIEKE



Registreer en betaal jou
kliniekfooi voor/op 20 Junie
Beperkte plekke beskikbaar!

REGISTREER HIER!!



Wanneer:

Donderdag 17 Julie

0.12 - 0.14 Seuns en Dogters

Vrydag 18 Julie

0.10 - 0.11 Seuns en Dogters

Saterdag 19 Julie

0.7 - 0.9 Seuns en Dogters

Tyd: 8:30 - 12:30

Waar: H/S Overkruin

Koste: R320

(sluit in 'n kossie, 'n ysie en 'n T-hemp)



Hoërskool

Eksamen

Die Hoërskoolleerders het hul **eksamenrooster** gekry en kan begin voorberei vir die Junie-eksamen wat binnekort begin. Die rooster is beskikbaar op die skool se **webtuiste**.

Wintersdrag

Die **dasse** is uitverkoop by **Totiusdal Handelshuis**. Ons sal aan ouers kommunikeer wanneer die dasse weer beskikbaar is.

ATKV-redenaars op 9 & 10 Mei by Hoërskool Menlopark

Nou ja, eindelijk breek die dag aan waarvoor julle so geswoeg en gesweet het! Die volgende leerlinge van die hoërskool neem deel aan die **kompetisie** en redeneer oor die onderwerpe hier vermeld:

Elrike Buys (Gr.11): Afrikaans, 'n taaldebakel? Afrikaans hoort nie in die doofpot nie.

Danika Venter (Gr.10): Fluitjieblaser tree uit jou wentelbaan.

Marieke Diedericks (Gr.8): Mense se lewens is bedek met klatergoud.

Tirsa Drijfhout (Gr.8): Die klatergoud van smake.

Leon Jordaan (Gr.8): Liefde is klatergoud.

Baie sterkte aan julle! Ons weet julle sal net julle beste doen.

Taaldag: 22 Mei

Saam met die res van Gauteng skop ons die **Afrikaans100-taaldagvieringe** af met 'n taalprogram op **22 Mei om 13:00**, in die kerkgebou van **Die Kandelaar**. Ouers is ook welkom om dit by te woon.

Die agt dramaleerlinge is gereed op julle te vermaak met **prosa en poësie** uit die skat van die Afrikaanse taal en Me. Jana Terblanch van SOS gee 'n kort oorsig oor die ontwikkeling van die taal, met 'n blik op die toekoms van **Afrikaans**.

Hoërskool

Afrikaanse Olimpiade vir Seniors

Di. **13 Mei van 14:00-17:00** neem vier leerlinge aan die Olimpiade in die rekenaarlokaal deel. Dit is 'n vraestel wat aanlyn ingevul word en jou punt is dadelik beskikbaar.

Baie sterkte Heinrich Goodey (Gr.12), Henro van der Linden (Gr.10), George Mnisi (Gr.10) en Aiden Oberholzer (Gr.10).

Konsert

Konsertoefentye vir **Kwartaal 2** is soos volg:

- 9, 23 en 30 Mei vanaf 13:15 tot 15:00
- 6, 13 en 20 Junie – tye sal gekommunikeer word.

Sport

Netbal

Die Ligawedstryde duur voort.

Wedstryde teen **Hoërskool Gerrit Maritz en Rietondale High** was harde wedstryde en alhoewel die dogters nie gewen het nie, het hulle die skool se naam hoog gehou en alles gegee tydens die wedstryde.

Kom ondersteun die dogters gerus **Maandag, 12 Mei en 19 Mei** as hulle hul laaste wedstryde vir die seisoen speel - die wedstryde vind op ons tuisveld plaas.

Tafeltennis

Die tafeltennisspanne het teen Courtney College gespeel en **wen** 26-4.

Baie dankie aan die **ouers** wat altyd beskikbaar en bereid is om die seuns te help vervoer. Dit word opreg waardeer!



SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

Solidariteit Helpende Hand se bestaansrede is om welstand deur werksyn in en deur ons gemeenskap te help verseker.



Word **VANDAG** nog deel van die Solidariteit Helpende Hand-**FAMILIE**.

#WELSTAND
ondersteunons.co.za

Edge Communications jou bemarking- en kommunikasievenoot.


Kommunikeer die regte boodskap, deur die regte kanale, aan die regte gehoor deur Edge Communications.

*Dink groot.
Dink Edge Communications.*



ONS SPESIALISEER IN:

- **Sosialemediabestuur**
Betaalmedia advertensies
- **Grafiese ontwerp**
Borsjures
E-pos handtekening
Embleem ontwerp
Briefhoofde
Korporatiewe template
- **Mediaskakeling en publisiteit**
- **Strategie ontwikkeling**
- **Bemarking**
- **Veldtogte**
- **Webontwikkeling en onderhoud**



Kontak ons vandag vir 'n kwotasie:

www.edgecommunications.co.za | info@edgecommunications.co.za | +27 81 233 8351



Studieaansoeke *vir 2026 is oop!*

Studeer nauurs oor afstand
of voltyds op die kampusse
in Centurion of die Paarl

www.akademia.ac.za

**Any Computer, internet,
WiFi help and upgrades.**

PR COMPUTERS

Call us today

0826915793



Ons praat jou taal!

Wen jou Wetenskap en Wiskunde

Graad 10 tot Graad 12 Wiskunde:

- Vraestelle met Memo's @ R130
- Nifty Notas @ R130

Vat die volledige Wiskunde
Pakket vir slegs R240

Afleweringkoste
@ R120

Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap:

- Nifty Notas @ R130
- Flashy Flitskaarte @ R70
- Vraestelle met memo's @ R130

Vat die volledige Wetenskap
Pakket vir slegs R300



Win your Science and Maths

Grade 10 to Grade 12 Maths:

- * Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130

Gr 10
Science
Packs are
busy
brewing!!!

Courier Costs
@ R120

Grade 11 to Grade 12 Science pack:

- * Snazzy Summaries @ R130
- * Flashy Flashcards @ R70
- * Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130

All the Science
goodies @ R300

<https://wenwetenskap.co.za>

Helena - 0845103373

hverwey@absamail.co.za

Snapscan Kodes



Snap here to pay



Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende:

EFT

D6-toep

Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.



Snap here to pay



GSDP-
SKOOLFONDS

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

GSDP-
BOUFONDS

ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING



BLITS

Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.

Dankie vir u ondersteuning!

MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, by Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.

Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.



MySchool MyVillage MyPlanet

PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA



Plaas asseblief al u kasregisterstrokie in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokie (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.

GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning. Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2025 te wees.

